

Inhoud Hierdie preek hoe God self rebelle wat 'n staatsgreep beplan, se staatsgreepplanne in hulle eie gemoed só vorm dat hulle eie planne hul ondergang is. Dit doen God omdat Hy reg en geregtigheid lief het. In en deur sy reg en geregtigheid skep en onderhou God self wet en orde in gemeenskappe. God hou mense regspraaklik binne wet en orde op so wyse dat selfs nie of priesters of konings verhewe is bo die reg nie. God voer sy raadsplan uit om wet en orde te skep en te handhaaf ook deur die magsvergrype van magtiges.

Skriflesing 2 Samuel 17: 1 – 14; Ps. 33.

Teks 2 Samuel 17: 14 “Die Here het besluit om Agitofel se goeie raad te dwarsboom sodat die Here 'n ramp oor Absalom kon bring.”

Tema God gebruik mense se geweldsplanne teen hulle self

1. In die Here se optrede binne die raadsvergadering van Absalom openbaar God Homself waarvoor Hy in Psalm 33: 10 en 11 voor geloof word: “Die Here verydel die raadsplanne van volke. Die raadsplan van die Here bestaan vir ewig, die planne wat Hy bedink van geslag tot geslag.”

In 2 Sameul 17 staan ons binne die raadskamer van die staatsgreep van Absalom op Israel. Absalom en sy rebelle-weermag het die hoofstad ingeneem. Hulle moet nou beplan hoe hulle die finale slag teen die regering van sy pa Dawid gaan slaan in hulle staatsgreep.

Twee mense gee planne vir hierdie finale slag, Agitofel en Gusai. Agitofel was in ons taal Dawid se hoof van staatsbeplanning en staatsveiligheid. Gusai was Dawid se persoonlike vriend wat gemaak het asof hy vir Absalom as raadgewer optree. (2 Sam. 2 Sa. 15: 34)

Met Agitofel se binne kennis van die staat, die regering, die gevoel van die mense en Dawid as persoon, gee hy die plan wat die einde van Dawid en Dawid se regering sou beteken het. Agitofel weet Dawid is moeg en moedeloos, en 'n onverwagte blitsaanval sal sy ongeorganiseerde en gedemoraliseerde soldate en ondersteuners op die vlug laat slaan. Agitofel onderneem om as veggeneraal van die rebellemag dan Dawid alleen dood te maak en almal verder se lewens te spaar. Hierdeur sou 'n bloedbad voorkom word en die hele gemeenskap sou onverdeelde dan Absalom as koning aanvaar en aan hom lojaal gewees het.

Hierdie plan word deur die Bybel só beskryf: “Die raad van Agitofel wat hy in dié tyd gegee het, was so goed asof iemand 'n woord van God gevra het. Dit is hoe al die raad van Agitofel aan Dawid sowel as aan Absalom beskou is.”(2 Sam. 16: 23)

Hierdie plan sou die besliste einde van Dawid en sy regering bewerk het. Dit was die plan wat die staatsgreep sou laat slaag het.

2. Teenoor hierdie suiwer goeie militêre en politieke raad vra Absalom dan Gusai se raad. Gusai ken Absalom. Hy gee hom nie militêre of politieke raad nie, maar speel in op Absalom se begeerte na grootsheid deur magsvertoon en ook op sy vrese.

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

Hy wys eers op die heldemoed van Dawid se troepe om Absalom bang te maak. Dan beveel hy aan dat die hele land opgeroep word om met 'n oorweldigende oormag Dawid aan te val en almal wat hom ondersteun uit te wis. Sou Dawid na 'n veilige stad toe vlug moet daar teen hierdie stad ook 'n uitwissingsoorlog gevoer word. Absalom moet alle teenstand met geweld vernietig. Hy moet die land met vrees regeer.

Absalom se sug na grootsheid en vertoon was bekend. Nog voor hy koning geword het, het hy sommer al as prins vir hom 'n praalgraf opgerig as monument wat hy ook sommer na homself vernoem het. Ons noem dit vandag narsisme. (2 Sam. 18: 18)

Wie was ook binne in hierdie raadsvergadering van hierdie rebelleleiers teenwoordig? God self! Dit is soos Ps. 33: 13 - 15 dit openbaar: "Uit die hemel kyk die Here, Hy sien alle mense. Uit die plek waar Hy woon beskou Hy al die bewoners van die aarde. Hy het elkeen van hulle se denke gevorm, insig het Hy in alles wat hulle doen."

Die Here is self in hierdie rebelle-raadsaal teenwoordig. Nie as toeskouer nie, maar as teenwoordige Here vorm Hy die gedagtes en planne van die rebelle vir hulle rebellie. Hy skep vir hulle hul eie rebelle planne om met hulle planne van geweld, moord en staatskaping, 'n ramp oor Absalom te bring. God skep vir die rebelle rebelle-planne waarmee Hy as God hulle gaan vernietig. Die verskil tussen wat Absalom met sy plan wil bereik en die ramp wat God met Absalom se eie plan vir Absalom beplan, wys in die verskil tussen die praalgraf wat Absalom vir homself opgerig het om ter ruste te lê en die gat waarin God sy lyk laat gooi het. (2 Sam. 17:17)

Wat het die rebellemag besluit?

Om opstandelinge oor die hele land in 'n oormag by een te bring en 'n vernietigings- en uitwissingsveldtog teen almal te voer wat hulle teenstaan sodat hulle almal met vrees kan onderwerp

Wat het God binne in hierdie raadsvergadering gedoen?

Hy het hulle staatskaping-gedagtes vir sy raadsplan om hulle uit te wis gekoop. Kom ons hoor weer wat God binne die rebelle-raadsvergadering doen! Hy vorm hulle planne met sy besluit só: "Die Here het besluit om Agitofel se goeie raad te dwarsboom, sodat die Here 'n ramp oor Absalom kon bring."

3. Hulle eie plan is hoe God die ramp wat Hy vir hulle beplan oor hulle laat afkom! Ons moet dit goed raaksien! God het nie 'n ander plan gehad teenoor hulle plan nie. God het hulle hul plan laat vorm, volgens die dwaasheid van Gusai, sodat hulle eie plan, God se plan was om oor hulle 'n ramp te bring. God het hulle eie magsug en grootheidswaan gebruik om hulle met magsbeelde te mislei sodat hulle nie die wysheid van goeie militêre en politieke raad kon of wou aanvaar nie.

Maak nie saak hoeveel soldate, toerusting, ondersteuning en strategiese optredes hulle na hierdie plan kon monster en organiseer nie – die plan self was God se

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

manier om 'n ramp oor hulle te bring. Na God hulle dwaasheid hulle plan gemaak het, was hulle ondergang verseël gewees, met al hulle getalle en mag.

Dit is die geloofsbelydenis van Ps. 33: 16 - 19 oor God se beskikende mag binne mense se planne: "Geen koning word deur 'n groot leer verlos nie; 'n krygsheld red homself nie deur groot krag nie. 'n Perd bied vals hoop vir oorwinning, deur sy groot krag kan hy nie bevry nie. Kyk die Here hou sy oog op dié wat vir Hom ontsag het, op dié wat hulle hoop vestig op sy troue liefde, om hulle lewens van die dood te red en hulle aan die lewe te hou tydens hongersnood."

Hoekom doen God dit?

Om sy groter mag teenoor die magte van goddelose rebelle te vertoon? Beslis nie! God kompeteer nie met mense vir mag en aansien nie!

Kyk hoe word dit aangekondig in Ps. 33: 4,5: "Want die woord van die Here is reg, en al sy werk betroubaar. Hy is lief vir reg en geregtigheid, die troue liefde van die Here vul die aarde."

Die Here is lief vir reg en geregtigheid – Hy haat onreg en geweld teen reg en geregtigheid! God maak Absalom se slimigheid die rede vir sy eie einde omdat God reg en geregtigheid lief het.

God se liefde vir reg en geregtigheid beteken dat God wet en orde skep binne gemeenskappe, en eiemagtigheid waarin mense hulself bokant wet en orde verhef, binne hul eie planne en met hulle eie planne vernietig.

4. Deur sy reg en geregtigheid skep en onderhou God wet en orde in gemeenskappe, en bring ellende en rampe oor hulle wat hulle eiemagtig bokant sy wet en orde verhef.

Nie net oor rebelle-leiers nie, maar ook oor amptelike konings en priesters wat hulle bokant die wet en orde stel. Dit sien ons in Natan se woorde aan Dawid oor sy magsmisbruik vir sy eie begeertes: "Daarom sal die swaard nooit van jou huis wyk nie, omdat jy My geminag het en die vrou van Urija, die Hetiet, geneem het om jou vrou te word." (2 Sam. 12:10)

Ons het verlede week gesien dat Dawid Absalom se moord op sy broer met soen verskoon het omdat Absalom voor hom gebuig het. (2 Sam. 14: 33) Net so het Absalom anargie gestook deur omhelsende soene. (2 Sam. 15: 5) Die mag om jou geliefdes met jou innighede bokant verantwoording teenoor die wet en orde van die land te verhef!

Dawid het nooit hiermee opgehou nie. Absalom se eie bloedbroer na hom, Adonia, het weer met 'n staatsgreep probeer om koning te word terwyl Dawid op sy siek- en sterfbed gelê het. Net so aantreklik soos Absalom, het hy sy broer se voorbeeld gevolg met 'n eie militêre magsvertoon van 'n strydwa en vyftig gewapende soldate. (1 Konings 1: 5 – 7; 2 Sam. 14: 25, 15: 1)

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

Die rede vir hierdie eiemagtigheid word in 1 Konings 1: 6 openbaar: “Sy hele lewe lank het sy vader hom nooit tereggewys deur te sê “Hoekom tree jy so op? nie.”

Dit is presies dieselfde probleem waarmee die boek 1 Sameul begin: die priester Eli het nooit sy seuns wat in sy plek as priesters opgetree het, aanspreeklik gehou nie! Dit word aan Samuel as tiener seun só openbaar: “Ek wil aan hom (Eli) bekend maak dat ek vir altyd sy huis gaan oordeel oor die sondeskuld waarvan hy geweet het. Want terwyl sy seuns God gelaster het, het hy hulle nie tereggewys nie. Daarom lê ek ’n eed af teenoor die huis van Eli: die sondeskuld van Eli se huis sal vir ewig nie versoen kan word deur slagoffer en graanoffer nie.” (1 Samuel 3: 13,14)

Konings en priesters wat hulle eie familie bokant wet en orde verhef, en daarom nooit aanspreeklik hou deur teregwyding en bestraffing nie. Mekaar altyd net aanvaar met ’n buiging voor mag en soene van versoening wat alle regsaanspreeklikheid ter syde stel!

5. U mag nooit dink dat Dawid in die oorlog met sy seun se rebelle-weermag, wat opdrag gehad het om Dawid dood te maak, sy ingesteldheid of optrede teenoor Absalom of enige ander seun verander het nie. Hy het daarmee volhard tot die einde van sy lewe toe, net soos die priester Eli sy seuns vir hulle diefstal van die tempeloffers en losbandige omgang met die vroue wat in die tempel gewerk het, nooit regsaanspreeklik gehou het en hulle uit hul ampte onthef het nie.

Dit wys duidelik uit die burgeroorlog tussen Dawid en Absalom. Toe Dawid die amptelik staatsweermag toespreek voor die veldslag, maak hy die volgende bevel aan sy generaals: “Die koning het Joab, Abisai en Ittai opdrag gegee: “Werk ter wille van my, saggies met die jong man, met Absalom. Al die manskappe het gehoor toe die koning opdragte gee in verband met Absalom.” (2 Sam. 18: 5)

Ons mag ons nie misgis met hierdie opdrag nie. Dit beteken dat hulle Absalom nie in die veldslag moet beseer nie. Hierdie opdrag is sentimenteel en teen die bestaande wet en orde van die land gewees oor hoe met rebelle gehandel moet word – hulle moes volgens die reg van die land dood gemaak word. Nou kom Dawid en met dieselfde houding waarmee hy Absalom van die moord van sy broer van enige regsaanspreeklikheid kwytskel het, en wil hy werklik waar dat tydens die veldslag hulle Absalom nie moet beseer nie.

Enige persoon wat al in ’n militêre veldslag se chaos betrokke was, sal weet dit is totaal onuitvoerbaar. Op ’n slagveld maak mense mekaar dood en probeer nie kyk wie se lewe gespaar moet word of nie beseer mag word nie.

6. U mag nie in hierdie berig oor Dawid se opdrag sentimentele aandoenings oor ’n pa se liefde vir sy seun inlees nie. Dawid wil al weer, nou terwyl hulle vir ’n veldslag teen sy seun moet optrek, versoen op die manier dat sy seun nie regsaanspreeklik moet wees as rebelle-leier vir sy staatskapingspoging nie.

Dawid demoraliseer en eintlik saboteer hy sy eie weermag, en die mense wat in belang van die regering optree, met sy houding dat hy as koning sy seun van regsaanspreeklikheid kan verskoon. Dawid voel sy seun staan bokant die wet en orde van die land.

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

Dawid se waanbeeld oor sy koningskap en seun wys in die woorde “jong man”. Hy sien homself nog steeds as voog vir ’n seun wat hy in sy gemoed net as ’n jong onervare onskuldige jongmens sien. Dit terwyl Absalom besig is om met beplande geweld, en jare lange gestookte anargie, ’n staatsgreep af te bring waarin hy opdrag gegee het dat sy pa dood gemaak moet word. (2 Sam. 17: 12, 14)

Sels na sy weermag se oorwinning oor Absalom, waarin hulle elkeen hul lewe op die spel geplaas het om hierdie staatsgreep te keer, kom Dawid nie uit sy obsessie met sy seun nie. In plaas daarvan dat hy sy weermag en mense die eer en dank gee vir hul lojaliteit oor hul burgerlike gehoorsaamheid, dompel hy hulle almal in sy persoonlike rou oor sy seun, wat hulle as rebelle-leier moes beveg. “Aan Joab is berig gebring: “Kyk die koning huil en rou oor Absalom. Die oorwinning het daardie dag vir al die manskappe ’n dag van rou geword, omdat die manskappe daardie dag gehoor het dat die koning is gebroke oor sy seun. Die manskappe het dié dag die stad binne gesluip soos manskappe binnesluip wat verneder is omdat hulle in die geveg moes vlug.” (2 Sam. 19: 1 – 3)

Dawid was besig om hiermee ’n ramp oor die land en mense te bring soos Joab dit aan hom uitgewys het. (2 Sam. 19: 7)

7. Daarom moet u nie probeer vaderliefde inlees in hierdie beriggewing nie. Hier moet u sien wat die Bybelskrywer al in die raadsvergadering van die rebelle aangekondig het in hoofstuk 17 vers 14: “Die Here het besluit om Agitofel se goeie raad te dwarsboom, sodat die Here ’n ramp oor Absalom kon bring.”

Hoe werk wet en orde in ’n gemeenskap?

Deur ’n jongman se narsisme, sy liefde vir homself? Is wet en orde die mag van narsiste wat ander aan hulle wil onderwerp in vrees, maar hulself verskoon en verhef bokant regspraaklikheid vir moord, ondermyning van die reg, anargisme en hoogverraad?

Deur die obsessionele liefde van ’n pa soos Dawid wat ter wille van innigheid met sy kinders, hulle van regspraaklikheid verskoon?

Deur ’n pa se apatiese kapitulاسie van sy amp omdat hy meer eerbied vir sy kinders het as wat hy vir God het, soos die priester Eli wat sy wellustige en eie-magtige seuns nie aanspreeklik hou nie?

Is wet en orde in ’n gemeenskap die magsmiddel van hulle wat met hulle eie liefdes hulself bokant regspraaklikheid verhef?

Of is die skep en handhaaf van wet en orde in ’n gemeenskap in die raadsplan van God wat reg en geregtigheid lief het?

In God se liefde vir die reg en geregtigheid, het Hy Absalom die plan gegee waardeur Absalom sy ondergang as rebel bewerk het. Dit is ook presies wat die Here met Eli se seuns gedoen het. Dit word só gestel in 1 Sam. 1: 25 : “Hulle het egter nie na hul vader geluister nie, want die Here wou hulle om die lewe bring.” Die

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

Here het in sy raadsbesluit hulle ongehoorsaamheid en wellustige gierigheid die krag gemaak waardeur God hulle uit hul posisies as priesters uitgehaal het.

8. Daarom kon Dawid se planne om sy seun weer 'n keer met 'n soen terug te ontvang nadat sy seun weer 'n keer, nou na 'n mislukte staatsgreep, voor hom kom buig, nie uitwerk nie.

Want die wet en orde van 'n land en gemeenskap werk binne die raad van God volgens sy liefde vir reg en geregtigheid. Dit werk nie volgens die liefhebberye van mense en planne hoe om hul liefhebberye te bevredig nie.

Die persoon wat die Here gebruik om weer wet en orde in die gemeenskap te bring volgens God se reg en geregtigheid is Joab.

Terwyl Absalom weerloos verstrikt in 'n boom hang, en geen troep hom na Dawid se bevel wil seer maak maak nie, is dit Joab wat 'n einde maak aan hierdie narsistiese moordenaar se magsgreep op die staat met drie spiese deur sy bors. Die verdienende straf vir 'n rebel volgens die wetgewing van die land!

Dit is ook weer Joab wat Dawid uit sy selfingekeerde rou ruk om weer sy posisie as staatshoof op te neem en erkenning aan elkeen wat teen die staatsgreep geveg het te gee.

Dit is hoe God se raadsplan vir wet en orde teen die planne van magtiges wat hulle self bo regspraakspreeklikheid verhef, geskied: die Here verydel die raadsplanne van nasies, Hy dwarsboom die planne van volke. Die raadsplan van die Here bestaan vir ewig.” (Ps. 33: 10)

Deur sy raadsplan het hy Sameul as baba in sy diens geneem en in die tempel laat groot word om profeet en priester vir sy kerk te word. Deur sy raadsplan het die Here vir Salomo wat hy lief gehad het (2 Sam. 12: 24) koning gemaak en elkeen wat die mag probeer gryp het deur hulle ei planne vernietig.

Mense se planne om mag te kry met geweld, onderdanigheid en soene, bly nooit staande voor God wat wet en orde skep uit sy liefde vir reg en geregtigheid nie.

Dit is hoe Psalm 33: 19 dit openbaar: “Kyk die Here hou sy oog op dié wat vir Hom ontsag het, op dié wat hulle hoop vestig op sy troue liefde, om hulle lewens van die dood te red en hulle aan die lewe te hou tydens hongersnood.

Dit terwyl God eie-magtiges binne in hulle eie raadsvergaderings met hul eie planne vernietig.

9. Dit is wie die Here voor en tydens 'n staatsgreep is: Die Here wat deur sy liefde vir reg en geregtigheid, eie-magtiges se planne binne in hul eie gemoed vorm. Planne waarmee Hy hulle vernietig.

Wie is ons as gelowiges voor, in en na 'n staatsgreep?

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

Ons is volgens Ps. 33: 20 die gemeenskap wie met ons hele wese wag op die Here wat reg en geregtigheid lief het. Hy is ons hulp en ons skild.

Hoekom ons?

Want dit is hoe die Here ons liefhet en ons in sy liefde laat leef – Hy wat reg en geregtigheid lief het, maak ons vir sy liefde in Christus regverdig. Dit is hoe Paulus ons verlossing in een sin opsom in Romeine 1: 17: “Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskrywe staan: “Die regverdige, op grond van sy geloof, sal leef.” Christus maak ons vir God se liefde reg en regverdig deur ons in te sluit en te laat deel in wie Christus as die regverdige is.

Só, deur deel te wees van Christus as mens se geregtigheid, is ons vir God se liefde reg. Want God het reg en geregtigheid lief en Christus maak ons regverdig.

Dit is wie ons altyd in en deur staatsgrepe sal wees: hulle wat vir die Here wat reg en geregtigheid lief het, se liefde geregtig is. Dit is hoe wie Christus Messias is soos aangekondig in Jesaja : 5, 6:

’n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Vir die uitbreiding van heerskappy en vir vrede sonder einde sal Hy op die troon van Dawid en oor sy koninkryk wees, om te vestig en te ondersteun deur reg en geregtigheid van nou af en vir altyd.”

Die Here wie ons regverdig maak, is ons Wonderbare Raadsman wat ons in sy liefde vir reg en geregtigheid laat leef. In sy liefde is ons verbind tot die wet en orde wat Hy in sy Raadsplan vir gemeenskappe bewerk.

10. Ons is nie gebind aan mense en hul liefhebberye nie! Ons is gebind in die liefde van God wat reg en geregtigheid liefhet. Daarom word ons nooit meegesleur deur die mag van mense en hul liefhebberye nie.

God skep in ons deur die geweld van staatsgrepe hierdie lewenshouding van Ps. 33:21, 22 “Met ons hele wese wag ons op die Here; Hy is ons hulp en ons krag”, sy troue liefde is oor ons terwyl ons op Hom wag.”

Hierdie afwagting is nie pasifisme nie. Ons sit nie in niks doen nie. Ons beveilig ons en ons eiendom, maak ons deel van die weerbaarheid van die staat, staan die geweld teen en organiseer weerstand teen anargiste.

Terwyl ons dit doen, is ons afwagting dat God binne in die anargiste besig is om hul planne binne in hul raadsvergaderings te vorm om hul met hul eie planne te vernietig. Hulle planne om met geweld mag te kry en hul bo regspraaklikheid te verhef, is die plan wat Hy in hul vorm om hul met hul eie planne te vernietig.

Die werklikheid van God se raadsbestuur van die planne van eie-magtiges beskryf die profeet Jesaja presies net soos in 2 Sam.17: 14 waar God ’n ramp oor Absalom bring met sy eie planne op die volgende wyse:

God gebruik mense se planne vir geweld teen hulle self

“Span saam volke, en word verpletterend verslaan,
Omgord julle en word verpletterend verslaan.
Beraam 'n plan en dit word verydel!
Bespreek 'n saak en daar koms niks van nie; want God is met ons !” (Jes. 8: 9.10)

In hierdie geloof wag ons voor, in en na staatsgrepe op wat God met staatsgrepe doen, terwyl ons binne sy liefde vir reg en geregtigheid wet en orde handhaaf in ons beveiliging, weerstand en afkeur van anargie.

11. Dit is mos net wie en wat ons as gelowiges was tydens hierdie staatsgreep waardeur ons gegaan het!

Ons ken God se liefde vir reg en geregtigheid want Hy het ons vir sy liefde geregverdig! Ons leef in die geloof dat ons vir sy liefde geregverdig is en met hierdie selfde liefde vir reg en geregtigheid skep en bestuur God wet en orde vir gemeenskappe.

Daarom wag ons dat die Here se raadsplan vir eie-magtiges ontvou en glo ons nie in mense se eie-matigheid nie. Daarom leef ons in die liefde van die Here en word ons nie deur mense se liefhebberye meegesleur nie.
Daarom leef ons in sy liefde wat reg en geregtigheid lief het en nie in die liefdes van die magtiges wat ons en hulle bo wet en orde wil verhef om ons begeertes as ons liefdes te glo nie.

Ons leef in die raadsplan van die Here wat mense se bose planne binne in hul eie raadsbeplanning so vorm dat Hy hulle met hierdie planne vernietig. Daarom bid ons in en deur mense se vergryp aan mag altyd die woorde van Ps. 33: 22: “Mag u troue liefde oor ons wees, Here, terwyl ons op U wag!” Want “Die Here het besluit om Agitofel se goeie raad te dwarsboom sodat die Here 'n ramp oor Absalom kon bring.”

Ontvou u raadsplan deur die planne wat u eie-magtiges vorm, mee mislei en hul mag mee vernietig! Ons wag self verdedigend op U raadsplan se ontvouing!